Shelly Bergh

SÓ MAAK JY

# 'N VROLIKE BAADJIE VIR JOU kombuisstoeltjies

Met dié vinnige, maklike projekte kan jy gewone kombuisstoeltjies omskep in iets spesiaals.

*Deur* **Shelly Bergh** • *Foto's* **Megan Miller**



**PROJEKGIDS**
**Harde werk** 1/10
**Vaardigheidsvlak** 1/10
**Tyd nodig** Sowat 2 uur vir elke projek

Skets

*Projek 1*

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**

- ± 30 m tou in twee kleure (ons het geel en wit gebruik, van CD Fox in Kaapstad)
- Annie Sloan-verf in White
- Annie Sloan Clear Wax

**GEREEDSKAP**

- verfkwas • gompistool
- aansteker • kruissteekpatroon (*sien die skets*) • maskeerband
- boor en 6 mm-boorpunt
- skêr • lap

*Projek 2*

## Wat jy nodig het

**INKOPIELYS**

- 0,5 m lap in die kleur van jou keuse • opstopsel vir 'n kussing
- 2 maatbande (vir die belde)
- 2 gespes (16 x 22 x 3 mm)
- buisvormige klinknaels (7 mm-skag, 9 mm-kop)
- Annie Sloan-verf in English Yellow
- Annie Sloan Clear Wax

**GEREEDSKAP**

- verfkwas • naaimasjien
- spelde • skêr • maatband
- pons • hamer • gompistool

*Voor*

*Stoeltjies Milestone Kitchens (082 254 1356, milestonekitchens.co.za)*

*Projek 1*



**1** Verf die stoeltjie met twee lae wit Annie Sloan-verf. Laat die verf droog word tussen lae. Seël die verf met die was wanneer dit heeltemal droog is.

**2** Sny die twee stukke tou in vier lengtes van 6 m elk en brand die punte met die aansteker om te keer dat dit uitrafel.

**3** Draai die geel en wit tou saam om die stoel se pote; plak dit by die bo- en onderpunt vas met die gompistool. **Wenk** Ons het 'n dekoratiewe kruis by die sporte gemaak.

**4** Teken die patroon op papier en plaas dit op die middel van die sitplek. Boor gate deur die sitplek op die rooi kolle.

**5** Verwyder die papier en ryg van die geel tou in 'n kruissteekpatroon deur die gate.

*Projek 2*




**1** Verf die stoeltjie met twee lae geel Annie Sloan-verf. Laat die verf droog word tussen lae. Seël die verf met die was wanneer dit heeltemal droog is.

**2** Meet die grootte van die sitplek en verdubbel dit vir die sloop. Laat genoeg ruimte aan drie kante vir nate en sny die lap daarvolgens uit.

**3** Vou die lap dubbel, met die buitekant na binne, en stik twee nate toe – een lang en een kort naat.

**4** Dop die sloop om sodat die buitekant na buite wys. Werk die kort naat met 'n bo-stiksel af. Vul die sloop met die opstopsel.



**5** Vou 1,5 cm van die lap vir die oorblywende naat na binne, steek dit vas met die spelde en werk af met 'n bo-stiksel.

**6** Sit die kussing op die stoel. Draai een maatband onder die sitplek deur oor die kussing; laat sowat 12–15 cm ekstra toe en sny die res van die maatband af. Herhaal met die tweede maatband.

**7** Vou die punt om die gespe en pons twee gate sowat 1,5 cm van mekaar. Sit 'n klinknael in elke gat en kap die kop plat om die gespe in plek te hou.

**8** Draai die maatband nog 'n keer om die kussing en stoel en merk waar jy 'n gaatjie moet maak om dit vas te gespe. Maak die gaatjie met die pons, en bind nou die kussing in posisie vas met die twee belde.

**VERSKAFFER**
**CD Fox** 021 423 5206, cdfox.co.za